No 8 - 2020] SECOND SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 21 MAY 2020

**HOUSE: 14:15**

**QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTION**

The Chief Whip of the Majority Party (Ms M M Wenger): Cognisant of section 116(2)(c) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, which provides that, "The rules and orders of a provincial legislature must provide for … financial and administrative assistance to each party represented in the legislature, in proportion to its representation, to enable the party and its leader to perform their functions in the legislature effectively …", proposes that the House hereby resolves to authorise the Speaker of the Western Cape Provincial Parliament to determine the matters provided for in section 116(2)(c) of the Constitution. In determining such matters, the Speaker is accountable to the House and must report to it when any such determination is made. If the House is not in session, any such determination must be ATC'd within 14 days.

**MOTIONS (Continued)**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Mr B N Herron: Addressing spatial justice in the Western Cape: centuries of injustice and three democratic decades of neglect.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. Mr D America moved: That the House debates the financial sustainability of municipalities in the Western Cape post-COVID-19.

2. Ms M M Wenger moved: That the House debates the derogation of our basic human rights by the ANC's mismanagement of the pandemic.

3. Ms L M Maseko moved: That the House debates the illegal land invasions during the lockdown period as the recent land invasions incidents, including those at Empolweni and Robertson, have been noted with great concern; notes that the alleged political motivations behind these invasions leads to the dissemination of false rumours and misleading information in order to mobilise communities for selfish political purposes; and notes further that such opportunistic behaviour cannot be tolerated, especially during a crisis such as this.

4. Mr M K Sayed moved: That the House discusses the Western Cape Education Department's lack of ability to enrol and to provide quality education to all children of school going age in the province.

5. Ms R Windvogel moved: That the House debates the ongoing labour actions and dissatisfaction by front-line COVID-19 pandemic workers in the Western Cape, such as nurses and emergency medical workers, who are not given adequate mandatory personal protection equipment.

6. Mr C M Dugmore moved: That the House debates the interference with labour inspectors, who are executing their task to curb the spread of the coronavirus, especially by politicians and other people, among others, who prevent officials from inspecting hot spots.

7. Mr C M Dugmore moved: That the House notes the chaos at Western Cape places that were meant to be safe shelters for poor people during the COVIC-19 pandemic; and notes that, despite measures to reduce the infection rate, these shelters offer uneven testing, a lack of isolation, poor communication about test results and the erratic handling of possible patients during the lockdown.

8. Mr D Smith moved: That the House notes that the DA in the Southern Cape and in other areas is known for its shenanigans at municipalities; and notes further that people are getting fed up as the DA even tries to manipulate local councils by holding secret meetings behind closed doors, as happened in George.

9. Mr R D MacKenzie moved: That the House extends its good wishes to Premier Alan Winde during his time in quarantine; and further thanks him for showing exemplary leadership and for taking the necessary precautions during this difficult time.

10. Ms W F Philander moved: That the House urges that ANC Minster Lindiwe Zulu to reconsider urgently the draft regulations that propose the banning the distribution of cooked food by NGOs and voluntary individuals; notes that for many these cooked meals are the only food they receive for the day and, should it be banned, many will die of starvation and not of COVID-19; and notes further that there are means to allow for the safe distribution of meals and that the regulations should be amended accordingly.

11. Mr D G Mitchell moved: That the House notes the alleged assault of a member of the public by Mr Quintin Louw, Deputy Mayor of the Beaufort West Municipality and ANC Central Karoo Regional Chairperson; notes that it is unacceptable that, in this time of crisis when communities are vulnerable and are looking to their leaders to protect them, public representatives abuse their power to settle personal political scores and abuse public office for personal gain; and notes further that, if these deplorable allegations are true, the ANC be urged to act immediately and to remove the Deputy Mayor from office and dismiss him as a public representative and open a criminal case and allow the criminal justice system to follow its course in the interest of the people of Beaufort West.

12. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes that proper health and safety measures must be put in place at our educational facilities to prevent children from getting the deadly coronavirus despite Helen Zille, DA's federal chairperson, saying that children are not at risk during this pandemic.

13. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with dismay the WCED's data that show that almost 600 children in the Western Cape have still not been placed in schools despite the fact that the halfway mark of the academic year approaches and that by law these 583 minors must be in school.

14. Mr A P van der Westhuizen moved: That the House notes the letter of the Leader of the Official Opposition in the National Assembly, the Honourable John Steenhuisen, petitioning the International Monetary Fund to prevent the South African government from implementing race-based criteria in the provision of emergency funding; notes further that it is unconscionable for a government to use an individual's race to determine access to emergency support in the midst of a pandemic; notes further that both the national Department of Small Business Development and the Department of Tourism have indicated their intention to implement these race-based criteria; and supports Honourable Steenhuisen's request to the IMF to censure the South African government for its discriminatory practices in this regard.

15. Mr M K Sayed moved: That the House notes that the Western Cape Government has only activated just over a quarter of the planned COVID-19 quarantine centres in the province, while ironically pretending that everything is ready to reopen all the Western Cape schools, which will endanger our teachers and children during the coronavirus crisis.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 21 MEI 2020

**HUIS: 14:15**

**VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTEL**

Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me M M Wenger): Bewus van artikel 116(2)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wat bepaal: "Die reëls en orders van 'n provinsiale wetgewer moet voorsiening maak vir ... finansiële en administratiewe hulp aan elke party wat in die wetgewer verteenwoordig is, in verhouding tot sy verteenwoordiging, ten einde die party en sy leier in staat te stel om hul funksies in die wetgewer doeltreffend te verrig ...", stel voor dat die Huis hiermee besluit om die Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement te magtig om die aangeleenthede waarvoor artikel 116(2)(c) van die Grondwet voorsiening maak, te bepaal. In die bepaling van sodanige aangeleenthede is die Speaker aan die Huis verantwoordingspligtig en moet hy gereeld daaraan verslag doen wanneer enige sodanige bepaling gemaak word. As die Huis nie sit nie, moet enige sodanige bepaling binne 14 dae in 'n ATK gepubliseer word.

**VOORSTELLE (Vervolg)**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Mnr B N Herron: Die skenk van aandag aan ruimtelike geregtigheid in die Wes-Kaap: eeue van ongeregtigheid en drie demokratiese dekades van versuim.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr D America stel voor: Dat die Huis die finansiële volhoubaarheid van munisipaliteite in die Wes-Kaap ná COVID-19 debatteer.

2. Me M M Wenger stel voor: Dat die Huis die inkorting van ons basiese menseregte as gevolg van die ANC se wanbestuur van die pandemie debatteer.

3. Me L M Maseko stel voor: Dat die Huis onwettige grondbesettings tydens die inperkingstydperk debatteer aangesien met kommer kennis geneem is van onlangse grondbesettings, insluitende by Empolweni and Robertson; kennis neem dat die beweerde politieke motivering vir hierdie besettings tot die verspreiding van vals gerugte en misleidende inligting gelei het ten einde gemeenskappe vir selfsugtige politieke doeleindes te mobiliseer; en verder kennis neem dat sulke opportunistiese gedrag nie geduld kan word nie, veral nie tydens 'n krisis soos hierdie nie.

4. Mnr M K Sayed stel voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Departement van Onderwys se onvermoë om alle kinders van skoolgaande ouderdom in die provinsie in te skryf en onderwys van gehalte aan hulle te verskaf, bespreek.

5. Me R Windvogel stel voor: Dat die Huis frontlinie-COVID-19-pandemiewerkers in die Wes-Kaap, soos verpleegkundiges en mediese nooddienswerkers, wat nie voldoende verpligte persoonlike beskermingstoerusting ontvang nie, se voortgesette arbeidsoptrede en ontevredenheid debatteer.

6. Mnr C M Dugmore stel voor: Dat die Huis inmenging by arbeidsinspekteurs, wat hul take uitvoer ten einde die verspreiding van die koronavirus te bekamp, veral onder andere deur politici en ander mense wat amptenare verhinder om knelpunte te inspekteer, debatteer.

7. Mnr C M Dugmore stel voor: Dat die Huis kennis neem van die chaos by plekke in die Wes-Kaap wat veronderstel was om veilige skuilings vir arm mense tydens die COVIC-19-pandemie te wees; en kennis neem dat, ten spyte van maatreëls om die infeksiekoers te verminder, daar by hierdie skuilings oneweredige toetsing plaasvind, daar 'n gebrek aan isolasie is, daar slegte kommunikasie oor toetsuitslae is en moontlike pasiënte tydens die inperking wisselvallig hanteer word.

8. Mnr D Smith stel voor: Dat die Huis kennis neem dat die DA in die Suid-Kaap en in ander gebiede bekend is vir hul kaskenades by munisipaliteite; en verder kennis neem dat mense nou keelvol hiervoor raak aangesien die DA selfs probeer om plaaslike regerings te manipuleer deur geheime vergaderings agter geslote deure, soos wat in George gebeur het, te hou.

9. Mnr R D MacKenzie stel voor: Dat die Huis beste wense aan Premier Alan Winde tydens sy kwarantyntydperk oordra; en hom verder bedank vir sy modelleierskap en vir die noodsaaklike voorsorg wat hy gedurende hierdie moeilike tyd neem.

10. Me W F Philander stel voor: Dat die Huis ANC Minster Lindiwe Zulu aanmoedig om dringend die konsepregulasies te heroorweeg wat voorstel dat die verspreiding van gekookte kos deur NRO's en individuele vrywilligers verbied word; kennis neem dat vir baie mense hierdie gekookte maaltye die enigste kos is wat hulle vir die dag ontvang en, as dit verbied word, talle aan honger eerder as aan COVID-19 sal sterf; en verder kennis neem dat daar maniere is om die veilige verspreiding van maaltye moontlik te maak en dat die regulasies dienooreenkomstig gewysig moet word.

11. Mnr D G Mitchell stel voor: Dat die Huis kennis neem van die beweerde aanranding van ’n lid van die publiek deur mnr Quintin Louw, onderburgemeester van die Beaufort-Wes-munisipaliteit en ANC-Sentraal-Karoo-streeksvoorsitter; kennis neem dat dit onaanvaarbaar is dat, in hierdie tyd van krisis wanneer gemeenskappe kwesbaar is en van hul leiers verwag om hulle te beskerm, openbare verteenwoordigers hul mag misbruik om persoonlike politieke wrokke af te betaal en openbare ampte vir persoonlike gewin gebruik; en verder kennis neem dat, as hierdie betreurenswaardige bewerings waar is, die ANC aangemoedig moet word om onmiddellik op te tree en die onderburgemeester uit sy amp te verwyder en hom as openbare verteenwoordiger te ontslaan en ’n strafregtelike saak te open en die strafregstelsel toe te laat om sy verloop te neem in die belang van die mense van Beaufort-Wes.

12. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis moet neem dat behoorlike gesondheids- en veiligheidsmaatreëls by ons onderwysfasiliteite getref moet word om te voorkom dat kinders die dodelike koronavirus opdoen ten spyte daarvan dat Helen Zille, federale voorsitter van die DA, sê dat kinders nie in gevaar is tydens hierdie pandemie nie.

13. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met ontsteltenis kennis neem van die WKOD se data wat aantoon dat bykans 600 kinders in die Wes-Kaap steeds nie by skole geplaas is nie ten spyte van die feit dat ons die akademiese jaar se halfpadmerk nader en dat hierdie 583 minderjariges volgens wet skool toe moet gaan.

14. Mnr A P van der Westhuizen stel voor: Dat die Huis kennis neem van die brief van die Leier van die Amptelike Opposisie in die Nasionale Vergadering, agbare John Steenhuisen, waarin hy die Internasionale Monetêre Fonds versoek om die Suid-Afrikaanse regering te verbied om rasgebaseerde vereistes vir die verskaffing van noodbefondsing te implementeer; verder kennis neem dat dit gewetenloos is van ’n regering om ’n individu se ras te gebruik om toegang tot noodondersteuning te midde van ’n pandemie te bepaal; verder kennis neem dat beide die nasionale Departement van Kleinsakeontwikkeling en die Departement van Toerisme hul voorneme aangedui het om hierdie rasgebaseerde vereistes te implementeer; en agbare Steenhuisen se versoek aan die IMF steun om die Suid-Afrikaanse regering vir sy diskriminerende praktyke in hierdie verband te berispe.

15. Mnr M K Sayed stel voor: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Regering slegs net meer as ’n kwart van die beplande COVID-19-kwarantynsentrums in die provinsie in bedryf gestel het, terwyl daar ironies genoeg voorgegee word dat alles gereed is om al die Wes-Kaapse skole te heropen, wat ons onderwysers en leerders tydens die koronaviruskrisis in gevaar sal stel.